DIE SKOOL WAAR JY SAAKMAAK

#LEIPIES_JYMAAKSAAK

# Leipie NUUSBRIEF

## 22 NOVEMBER 2024

## BELANGRIKE DATUMS

**(nuutste aangepaste datums)**

**22 November:** Gr 7 Afsluitingseremonie 9:30
100% Skoolbywoning/Afwesighede stop vir rapporte. Word steeds Departement toe gestuur
**25 November:** Merietefunksie Gr 4-5 8:00, Gr 6-7 10:00
Gr 4 Toer
**26 November:** Merietefunksie GSF Gr 1 8:00, Gr 2 9:30
Gr 3 11:00
Gr 4 Toer
Gr 4 Instappie
**27 November:** Gr R Gradeplegtigheid/Atletiek 8:00
Gr 4 Toer
Gr 4 Instappie
**28 November:** Gr 4 Toer
**29 November:** Gr 4 Toer
Gr 7 Afskeid
Tennis daagwedstryde sluit

***BEMARKING:***

Me Sarie v/d Merwe hanteer alle bemarking. Kontak haar gerus per epos: sarie@louisleipoldt.co.za

***GEDAGTE VIR DIE WEEK:***

**Vir my is die lewe om te dink, om te onthou, om te verbeeld, om te kies.**

***Audrey Blignault***

## LEIPIE VERJAARSDAE

**PERSONEEL: 25-30 NOVEMBER 2024:**
Mnr Johan v Nieuwenhuizen (26/11),
Donovan Steinberg (26/11), Me Christa Jansen (27/11)

**LEERDERS: 25-30 NOVEMBER 2024:**
De Klerk Wyatt, Labuschagne Alexander, Strydom Mary-Ann, Van Der Walt Barend, Bloem Donré, Heystek Jandrè, Senekal Lee-Ann, Joubert Ruben, Samuels Germany, Nel Leandri, Brand Nikita, Eloff Aren, Van Der Merwe Emma, Van Der Merwe Olivia.

***GEKONTROLEERDE TOETSREEKS/ASSESSERING:***

**UITKOMTYD EN REËLINGS:**

Die skool kom tot **aan die einde van die kwartaal** vir **alle** leerders om **12:00 uit.** Die oplaaipunte bly dieselfde. **Naskole kom haal leerders ook om 12:00.** Daar sal **wagklasse wees tot 13:40** vir die leerders wat nie om 12:00 afgehaal kan word nie, dit geld ook vir naskoolleerders. **Hierdie leerders moet in die wagklas vir ouers wag.** Daar is toesig in die wagklas. **Hekke sluit 12:15.** Ouers/naskole wat leerders na 12:15 afhaal, **moet asb by Ontvangs aanmeld.** Leerders sal dan in die klasse geroep word en na die hoofhek beweeg waar ouers hulle kry. **Geen leerder mag na 12:15 op die terrein of by hekke vir ouers wag nie.** Vanaf 13:40 kan Gr RR-7 leerders slegs by die **hoofhek in Pretoriuslaan (in die wagarea) afgehaal word. Tref asb reëlings vir leerders sodat hulle nie na 14:00 nog by die skool vir ouers moet wag, sonder toesig nie. Geen verdere buitemuurse aktiwiteite nie.**

***NORMALE SKOOLREËLS GELD STEEDS.***

Afwesighede word by die Departement aangemeld tot **11 Desember 2024**, maar vir **100% skoolbywoning geld afwesighede net tot 22 November 2024.**

# Leipie NUUSBRIEF 2

***KARATE:*** Logan Opperman – Geelbelt 2

***VERLORE KLERE:***
Leerders moet asb in die verlore goedere kas kom soek na verlore items. Ons vra ouers **om asb alle kledingstukke en enige ander items duidelik te merk,** dan kan dit aan die eienaar terugbesorg word. Moet asb nie items neem wat nie aan jou behoort nie. Items wat nie opgeëis word nie, sal aan Die Leipie Skatkis geskenk word om verkoop.

***VERSKAFFERS VAN SKOOLKLERE:***
Maretha's – 012 140 0611
Karen Erasmus (Eduwear) Hoërskool Centurion
084 721 8701

***LAATKOMMERS:***
Registerperiode vanaf **7:30-7:40**. Leerders **MOET aanwesig** wees (in die klas) tydens registerperiode, anders word hy/sy afwesig gemerk**. Leerders kan ook nie net vir registerperiode by die skool wees en dan bv vir aktiwiteite/siek uitgeteken word nie. Leerders moet vir 'n tydperk (tot 10:00), skoolgaan om aanwesig te wees vir die dag. Leerders wat laat kom, MOET DEUR OUER/VOOG BY DIE KANTOOR INGETEKEN WORD. GEEN LEERDER MAG NET BY DIE HEK AFGELAAI WORD NIE.** Leerder ontvang 'n briefie wat aan onderwyser/es getoon moet word. Indien 'n leerder vanweë geldige redes laat kom bv. doktersafspraak moet die leerder steeds na die kantoor vergesel en ingeteken word, asook redes vir laat inteken verskaf**. Indien u vroegtydig weet dat leerder laat gaan wees (bv doktersafspraak), stuur asb 'n epos na admin@louisleipoldt.co.za EN aan die registeronderwyser/es, sodat leerder nie afwesig gemerk word nie.**

***LEERDER PRESTASIES:***
Enige prestasies deur leerders kan aan die volgende personeel gestuur word:
Gr 4-7 leerders (sport) na Me Marlené Nel:
**sport@louisleipoldt.co.za**
Gr 4-7 leerders (kultuur) na Me Madeleine Strydom:
**madeleinestrydom@louisleipoldt.co.za**
Gr RR-1 leerders na Me Angelique Coetzee:
**dpg@louisleipoldt.co.za**
Gr 2-3 leerders na Me Anine v Aswegen:
**anine@louisleipoldt.co.za**

***D6 KOMMUNIKEERDER:***
Ouers moet asb op die D6 kommunikeerder registreer. Skakel word aan elke ouer per sms/epos gestuur word. Volg asb die stappe om te registreer. Die toepassing word gebruik vir alle kommunikasie. **NB!** Neem asb kennis dat ons u nie van die sms/epos kan verwyder nie omdat elke ouer aan 'n leerder se profiel gekoppel is. Indien 'n ouer versoek om nie sms'e/eposse ivm D6 te ontvang nie, sal die ouer van die leerder se profiel verwyder moet word en u sal dus **GEEN** verdere inligting ivm u kind kan ontvang nie. Alle inligting ivm akademie, sport, kultuur, skoolaktiwiteite, byeenkomste, afrigting ens. word op D6 geplaas.
**Lees asb gereeld die D6 boodskappe sodat u op hoogte is met die akademie, sport, kultuur en skoolaangeleenthede.** D6 se korrespondensie gaan nie meer op die **WhatsApp groepe herhaal word nie. Maak asb seker dat u op D6 geregistreer is.**
**Alle inligting word op D6 geplaas.**

***DIE LEIPIE SKATKIS:***
Die Leipie Skatkis sal gesluit wees vir die res van die jaar. Vir enige navrae kontak asb met Me Charmaine Barnard. Die Leipie Skatkis sal weer **13-14 Januarie 2025** oop wees vanaf **13:00-14:00.**